

en gewaar toe, tot sy grootste verwondering, dat dit sy eie kar was.

„Vrou,” skree oom Kootjie ewe benoud, „hou 'n bietjie stil! Dis ek.” Maar al antwoord wat hy kry, was net die gefluit van die sweep, en toe loop Bloubok en Sara nes twee jong perde.

„Ma,” fluister een van die kinders, „het Ma die gedaante gesien? En dit gaan nogal na pa se stem!”

Tant Siena het natuurlik die „gedaante” gesien en ook goed geweet dat dit oom Kootjie was, maar sy wou nie die kinders dit laat merk nie, en ewe droogweg antwoord sy: „Ag, my kind, dis maar seker iemand wat ons wil bangmaak.”

Toe tant Siena tuiskom, het sy haastig uitgespan en alles netjies versorg; geëet, en toe die kinders na hulle kamers gestuur om te gaan slaap, want dit was al laat. Toe het sy die tafel weer gedek en 'n vuurtjie aangesteek om warm ete te hê as oom Kootjie kom. Nie alte lank daarna nie verneem sy 'n geklop aan die voordeur, maar in plaas van die deur oop te maak, het sy 'n venster oopgeskuiwe en toe haar kop deurgesteek.

„Wie is daar?” vra tant Siena met 'n voor-gewende bewende stem.

„Ek, vrou,” antwoord oom Kootjie ewe verslae.

„Nee,” sê sy, „dit kan onmoontlik jy wees, want kort nadat jy versuip het, het ek jou klere wat jy uitgetrek het, gekry en dit dorp-toe geneem, om die voorval aan die poliesie bekend te stel, en môrevroeg sal hulle hier wees om jou lyk te soek. Rus nou maar! Waar het jy ooit in jou lewe gehoor dat 'n mens somar nog op dieselfdè dag dat jy verongeluk het, dwaal?”

„Vrou,” smeek oom Kootjie, „moenie vir jou mal hou nie! Dis nie 'n gedaante wat jy hier sien nie: dis ek, jou eie Kootjie. Ek het nie regtig versuip nie, maar dis somar maar 'n plan wat ek gemaak het om jou 'n poets te bak. Maak asseblief die deur oop, want ek vergaan van die koue in hierdie vlakste seil.”

„Nou ja, my ou man,” sê sy toe sy die deur oopmaak en hom hartlik omhels, „as jy eendag weer so 'n plan kry, dan moet jy dit beter aanlê, hoor?” En lag-lag vervolg sy: „Dis ek wat jou weggesteekte klere daar oorkant in die bosse uitgesnuffel en huis-toe gebring het, en nadat ek die ander klere ook weggeneem het, het ek die kar ingespan en toe dorp-toe gery; en met geld wat ek van tyd tot tyd met botter, eiers en pluimvee gemaak met, om jou suur ondervindings te vergoed, vir jou 'n splinternuwe motorkar gekoop. Dit sal môre hier wees met 'n man wat behoorlik in staat is om jou die kuns hoe om 'n motor-

kar te bestuur, te leer. Kom trek jou nou eers aan, my ou ding, en kom eet 'n stukkie; daar is lekker warm ete."

Ná die ete het oom Kootjie en tant Siena, soos gewoonlik, 'n hoofstuk uit die Bybel gelees, en in sy gebed het oom Kootjie die Heer ernstig gesmeek om vergifnis vir sy dwase handelwyse, en Hem hartlik gedank vir die beste gawe wat Hy aan die mens geskenk het: 'n goeie vrou.

SPOKE.

Party mense glo glad nie aan spoke nie en bestempel dit as sinsbedrog. Hulle staaf hulle bewering met te verduidelik dat, as iemand een of ander liggaamlike swakheid het waardeur die brein geaffekteer raak, of in die geval van *delirium tremens*, so 'n persoon dan gewoonlik iets bonatuurliks gewaar; maar dan is dit nie 'n spook nie, maar dit spook in sy brein.

Ander mense kry spoke weer so volop dat, as hulle, by voorbeeld, van die goed sou kon geld maak, was hulle al lank skatryk. En as so iemand jou nou van een of ander bonatuurlike ontmoeting met spoke verhaal en jy trek dit in twyfel, dan kan dit lig gebeur dat, as jy nie sterker as jou beriggewer is nie, jy dan maar betyds sal moet trap as jy respek vir jou gesig en klere het; want as iemand 'n spook op die lyf geloop het, reg of verkeerd, sal dit 'n ewigdurende feit by hom bly.

Maar hoe dit ook al mag wees, die feit bestaan dat duisende van mense aan spoke glo, en duisende weerlê dit weer; maar altwee

kante kan darem nie reg of verkeerd wees nie.

Uit geloofwaardige bronne en van persone vir wie 'n mens weens hulle eerlikheid die hoogste respek koester, verneem hy dikwels van bonatuurlike verskynsels, en dan is dit onbillik om die ondervindings van sulke mense te weerlê. Dan tref 'n mens weer persone aan wat, as daar sprake van spoke is, uitskater van die lag. Maar met dié klas het ek dit al dikwels op die proef gestel en uitgevind dat alte baie van hulle maar te danig skrikkerig is as dit donker word.

Die verhaal wat hieronder volg, kan die leser daarvan dink wat hy wil. Dit is uit 'n baie betroubare bron, en ek gee dit net soos dit aan my meegedeel is; en die naam van die predikant wat daarin vermeld word, sal ek verswyg. Die rede daarvoor is dat enkele lede van sy famielie nog in die lewe is, en dat die verhaal moontlik nie in hulle smaak mag val nie.

Op K-Kruis, in die distrik O., het jare gelede 'n ou geboutjie met slegs twee vertrekke gestaan, wat toe algemeen bekend was as die Spookhuisie.

Die geskiedenis daaraan verbonde was dat 'n seker vroujie daar selfmoord gepleeg het deur haar keel met 'n skeermes af te sny.

Die rede daarvoor was dat sy 'n buitengewoon mooi en aantreklike vrou was; dat dit haar man tot jaloesie verwek het en haar skone onskuld so gekrenk geraak het, dat sy eindelijk wanhopig geword en selfmoord gepleeg het.

Onmiddellik ná haar dood—so is vertel—het dit weens bonatuurlike verskynsels so onuithoudbaar in die ou geboutjie geword dat niemand daar kon of wou woon nie, en gevolglik het dit leeg gestaan.

Toe die spookgerugtes daar al langamerhand meer in plaas van minder geword het, het ses mans waaronder 'n ouderling en 'n diaken van die toenmalige gemeente daar, besluit om 'n ondersoek in te stel of die gerugtes in omloop wel waar was. Hulle was van oordeel dat alles maar versinsel was, en kort daarna het hulle een aand die ou geboutjie 'n besoek gebring, met die doel om die „verskynsel”, soos dit toe algemeen genoem is, op te los. Ligte is toe aangesteek, en al ses het ewe moedig plaasgeneem.

Omtrent agtuur die aand het in volle teenwoordigheid van al ses persone 'n bloedbespatte, afgryslieke gedaante op die toneel verskyn, wat die moedigheid van die ondersoekers so geweldig laat daal het, dat hulle hals oor kop gevlug en hulle nog in die verwarde vlug boonop lelik beseer het.

Die voorval is toe in alle erns aan hulle predikant meegedeel, maar omdat hy 'n sterk afkeer in spookstories gehad het, het hy hulle lelik oor die kole gehaal; dog met die gevolg dat al ses eenparig besluit het om die kerk te verlaat, want—so het hulle geredeneer— as dit die getuienis van net een persoon was, dan was sinsbedrog 'n moontlikheid. Maar om die woord van ses persone met soveel min-agting te behandel, was darem 'n bietjie te erg.

Die predikant van wie hier sprake is, het die gewoonte gehad om smiddags ná ete 'n bietjie in sy slaapkamer te gaan rus, waar niemand dan toegelaat is om hom te hinder nie. Een namiddag het hy volgens gewoonte weer gaan lê, maar hy het eers die kamerdeur sorgvuldig toegemaak. Toe hy nog wakker was, verskyn vlak voor sy bed, sonder dat die kamerdeur oopgegaan het, 'n vrou. Sy was ouderwets gekleed en het 'n sonderlinge tjalie om gehad. Sy deel toe aan hom haar naam mee en ook dat sy pas in Duitsland gesterf het. Verder het sy die predikant dringend gesmeek om haar enigste seun, wat toe in daardie buurt woonagtig was, op te spoor en aan hom mee te deel dat sy moeder gesterf het, en dat hy dadelik na 'n seker stad in Duitsland moes vertrek om sy erfnis in besit te neem.

Die predikant, nadat hy belowe het om sover moontlik aan haar versoek te voldoen, het haar net so gesien verdwyn as wat sy verskyn het.

Hy het die seun toe opgespoor en die voorval aan hom meegedeel. In die beskrywing het die seun sy moeder herken, en hy herhaal toe dat sy juis net so gekleed was toe hy die dag die ouderlike woning in Duitsland verlaat het.

Die seun het toe dadelik na Duitsland vertrek en alles net so gevind as wat dit aan hom meegedeel was. Die erfnis het hy toe gekry en 'n kosbare geskenk aan die predikant gestuur.

Daarna het die predikant die ses persone hierbo genoem, opgesoek, sy bitterlike leed oor sy handelwyse teenoor hulle te kenne gegee—en alles was weer reg.

DIE MISLUKTE PLAN.

Jonas Kies was 'n oujongkêrel van ongeveer vyf-en-veertig jaar, woonagtig op 'n stukkie huurgrond van die plaas Bobbejaankrans, waar hy met omtrent tagtig skape geboer het. Sy vernaamste bron van inkomste het bestaan uit 'n wa en 'n span donkies, waarmee hy van tyd tot tyd gras na die mark gestuur het.

Jonas was so 'n kort kêreltjie, met twee verwilderde oë onder dik deurmekaarstaande winkbroue. Hy het 'n wipneus en 'n ruie bos baard gehad, wat al aan die grysword was. Ewigdeur het hy 'n pyp in sy mond gehad, en ook het hy die gewoonte gehad om sy hoed diep oor sy kop te trek. Deurdathy kort was en daarby ook dik, moes hy altoos sy klere twee nommers groter koop om daarin te kom. Uit die aard van die saak was sy baadjie buitengewoon lank, en sy broekspype het nes twee konsertiena's op sy velskoene gerus. Verskeie mense het al vir Jonas gevra waarom hy nie die pype laat korter maak nie, maar sy uitleg was dat die broek dan, wanneer dit gewas word, so sou krimp dat die pype dan halfmas sou sit.

Jonas het dan, om die grasinrigting 'n behoorlike loop te gee, 'n sekere Agus Linkie in sy diens gehad teen tien sjielings en 'n halfsak meliemeel per maand. En as daar dan moontlik 'n skaap geslag word, wat maar 'n seldsaamheid was dan het Agus darem ook sy deel van die binnegoed en pootjies gekry.

Agus was van die Koranna-Boesman-tiepe, met so 'n langwerpige korreltjieskop met 'n geweldige agterdop. Sy voorkome het jou aan skrandigheid laat dink, en daarby was hy opgeruimd. Sy grootste begeerte van kindsbeen af was om te leer lees en skrywe, waarin Jonas, wat glad nie 'n professor was nie, hom baie behulpsaam was, en ook grotendeels daartoe bygedra het dat Agus so lank volgehou het as algemene bestuurder van die grasinrigting.

Deur gedurig te oefen was Agus per slot van rekening verreweg handiger met 'n pen as sy baas, sodat hy hoog onder die volk van daardie buurte aangeteken gestaan en ook Sondae dienste waargeneem en as koster op begrafnisse geageer het.

„Hoe lyk dit, Agus?” begin Jonas een môre. „Is die gras al droog genoeg om te laai?”

„Ja, Oubaas, ek dink ons kan maar laai, sodat ek vanmiddag kan laat trek. Maar daardie ou wa is al so kapot dat ek verwag

dat hy ons een van die dae in die steek sal laat. Oubaas moet maar liewer 'n motorlorrie koop, sodat ons die wa en donkies kan opsy skuiwe, want die donkies is darem regtig te stadig vir 'n begrafnis; en in plaas van beter word hulle by die dag slegter. Met so 'n lorry kan ons in een dag uit en tuis wees; en met die donkies neem dit, as daar nie teëspoed is nie, op sy allerminste vier dae."

„Goeie genugtig, Agus, wat praat jy? Waar moet die geld dan nogal vandaan kom? Ek het net so min kans om 'n lorry te koop as wat ek het om president te word. Nee wat, laai maar die wa; hy is nog eersteklas, en nou die dag nog gekort ook."

„Ja, Oubaas, maar hy is al honderdmaal gekort, en elke slag is hy 'n hele ent swakker. Die wiewe rol mos nie meer nie; hulle galop nou, want hulle is mos nie meer rond nie maar agkantig; en een van die agterwiewe is glad driekantig, sodat die rem, wat amper op die grond sleep, glad niks beteken nie. Met 'n ronde wiel sal dit nog gaan, maar met 'n driekantwiel—die hemel bewaar jou!"

„Hoe kan dit dan wees, Agus?"

„My skepsels ons, kan Oubaas dan nie verstaan nie dat as 'n mens die rem op so 'n wiel aandraai, hy botstil gaan staan en die donkies dan byna almal onderstebo ruk nie? En glip hy dan weer los, dan stamp die wa weer die

nog staande donkies omver! Dis daarom dat ek voorstel dat Oubaas 'n lorrie moet koop."

„Nou ja," sê Jonas met so 'n vies trek op sy gesig, „dan sal ek so maak as hierdie vrag gras genoeg opbring om so 'n ding te koop. Maar, Agus, jy moet die markmeester duidelik laat verstaan dat ek nie weer hierdie vrag vir 'n sikspens wil verkoop nie, want dit kos baie werk en moeite—om nie eens te praat van die onkoste nie. Sê vir hulle dat hulle nie moet dink dat hulle met hul motorkarre kan rondja, en ek moet die gelag betaal nie!"

Agus het toe maar die donkies gaan aankeer, en toe het hy en Jonas ingespan; en nadat die vrag gelaai is, het hulle dit met 'n weesboom vasgetrek. Agus het toe voortgegaan om oor vier dae, as alles voorspoedig gaan, weer tuis te wees. Dié slag, egter, het dit nie so voorspoedig gegaan nie, want hy was skaars ses myl van die huis af, toe die riem waarmee die weesboom vas was, gebreek het, met die gevolg dat die grootste gedeelte van die vrag op die grond was. Hy het toe vorentoe gesnel om die donkies tot stilstand te bring, maar hulle was uit ondervinding van oordeel dat Agus hulle aan pligsversuim wou herinner en het uit die pad gevlie, en daardeur die nog vallende bondels gras oor die pad in 'n sirkel gestrooi.

Agus het toe maar uitgespan en die donkies teruggeja in die rigting van die plaas, met

die vermoede dat Jonas hulle weer terug sal besorg en ook weer help met die oplaai van die vrag.

Dagbreek die volgende môre het Jonas dan ook, soos Agus vermoed het, met die donkies opgedaag; en dadelik het hulle, onder gebrom van Jonas, die vrag weer gelaai, en kort daarna was Agus dan ook weer op weg mark-toe asof daar niks gebeur het nie, en Jonas terug huis-toe.

Onderwyl Agus voor die vrag sit en die trekkende donkies so sit en deurkyk, dink hy by homself: „Ek wonder wat die oorsaak is dat die wa nog loop, want nie een van die donkies trek nie. Hierdie agterdonkies, Konstiena en Das, se stringe hang slap, en daardie twee naasagter, Remskoën en Sikketars, se agterbene is al glad kaal geskawe van die swingel; en daardie twee op-ses, Priester en Ghitaar, trek net so lank as jy hulle met die sweep piets. Daardie twee naasvoor, Gonstol en Pistool, kan nie eens agter rem nie, wat praat nog van trek; en die voordonkies, Sikspens en Sopie, is nie eens een van hulle name werd nie.”

Met Agus se tuiskoms het hy die geld met die markbrief aan Jonas oorhandig. Dit was duidelik dat die bedrag ontoereikend was vir die aankoop van 'n lorrie.

Agus het toe, nadat alles versorg is, na sy strooihuis gegaan, waar die volgende gesprek

tussen hom en sy vrou, Aploon, plaasgevind het : „Jy weet, Aploon, ek het nou 'n splinternuwe plan gekry.”

„En wat is dit nogal, Agus? Laat ek 'n bietjie hoor.”

„Eergistermôre,” lig Agus in, „het ek na 'n gesprek tussen twee Diesvolk op die mark geluister, en toe het ek besluit om hierdie grasbetrekking neer te lê, want ek het nog nie plan om my siel deur ou Jonas se donkies te laat verlore gaan nie; en vir Jonas se mieliepap is ek ook al omtrent dik, want die Skrif leer mos dat 'n mens van brood alleen nie kan lewe nie. En so het ek besluit om Jonas se kraal vanaand by te trek en hom van een van daardie vet hamels te verloos wat hy te suinig is om te slag.”

„Ja,” sê Aploon, „hy lewe mos net van sprinkane en tamaties; en dan moet ek nog die hase se velletjies brei vir 'n jas wat hy wil maak om nes 'n Kafferdokter op Ghitaar rond te slenter. Dan sal die ou ook omtrent nes 'n kalender op 'n mieliesak wees.”

„Of jy bedoel nes 'n mieliesak op 'n kalender,” help Agus reg, „want Ghitaar is skaars so groot soos 'n ordentlike bokkapter.”

„Nou toe, Agus, wat het die Diesvolk dan gesels?”

„Uit hulle gesprek het dit geblyk dat hulle, net soos ek, ook vir 'n appel en 'n ei werk, en toe merk die een op : „Jong, ek weet nie

hoekom daar so 'n hemelsbreë onderskeid in die lewensbestaan van mens en mens moet wees nie. Die een gaan met koets en perde deur hierdie ou akker van ons, en 'n ander moet weer so te sê deurkruip en uintjies soek om te lewe. Nou sien ek nou die ander dag in 'n koerant dat daar so 'n maklike plan is om geld te maak, en dit is om boeke te skrywe soos daardie vroumens Marie Karnallie.'

„Ja, jong,” sê die ander, „dit gaan darem nie so maklik om soiets aan te vang nie, maar die spreekwoord sê mos : „Nood leer bidde, en armoed bene kou,” en wat kan 'n mens dan anders doen? Jy moet maar probeer wat!’ En toe het ek besluit om te probeer. As ek dan so 'n boek skrywe en aghonderd daarvan laat druk en dan maar teen sikspens per stuk verkoop, dan het ek al in die dertig pond —en hoe lank sal ek by ou Jonas moet bly om dertig pond te verdien?”

„Seker 'n goeie twaalf jaar,” reken Aploon. „Maar, Agus, die Diesvolk sal mos nie jou boek koop nie, en die swartgoed kan mos nie lees nie. En die Diesvolk sal somar aan die naam sien dat die skrywer 'n Hotnot is.”

„Daarvoor sal ek sorg,” sê Agus, „want ek sal nie skrywe ‚Deur Agus Linkie’ nie, maar ‚Mister August Linkie, Eskwaier.’”

„O, nou ja,” laat sy vrou tevrede daarop volg. „Maar, Agus, waaroor wil jy dan nogal skrywe, en hoe wil jy die ding begin?”

„Net oor Jonas, die graswa en die donkies: en jy sien, Aploon, ek sal so begin: „Net soos die son daar agter die kransies wegduik en nog vir oulaas oor die rantjies loer om te sien of ek en jy en Jonas en die donkies nog op Bobbejaankrans is, borrel die maan daar agter die grasbult uit, en nes 'n geel koperkastrol styg hy die lugruim lag-lag in om dop te hou wat aangaan by die Diesvolk se hoenderhokke en skaapkrake.’ ”

„En, Agus, wat word dan van die maan as hy nie skyn nie?” verneem Aploon nuuskierig.

„Dan gaan rapporteer hy wat ek en jy en Jonas aangevang het gedurende die tyd dat hy wag gehou het.”

„Dan hou die sterretjies seker gedurende sy afwesigheid dop, nè?”

„Nee, wat wou! Hulle is te skrikkerig om nader te kom, want, net soos ek en jy moet eet om te lewe, net so oes die maan onder die sterretjies—nes 'n haai onder die visse in die see—om ook te lewe; en dit is die rede waarom die sterretjies hulle lyf so ver moontlik uit die maan se bereik hou. Nes die maan klaar is met sy rapporte, dan maak hy so 'n draai onder hulle; en die slag dat hulle vlug, dink ons dat dit sterre is wat verskiet. As

die maan dan klaar is met sy jagtog, kom hy ewe onskuldig terug om te sien of ek en jy en Jonas ook nie geoes het nie."

„Agus, en jy het dan nog 'n plan om Jonas se kraal vanaand by te trek—is jy dan nie bang dat die maan jou sal verklik nie?"

„Nee wat, dis dan donkermaan vanaand. As die maan nes ek en jy van skone mieliepap moes lewe, dink jy dat hy dan so helder sal skyn? En hoe kan Jonas dan verwag dat ek op die graswa moet ,skyn' as hy ook nie so nou en dan vir my 'n ,sterretjie' laat vang nie?"

En toe het Agus opgestaan, in die rigting van Jonas se kraal gegaan en met 'n hamel teruggekom wat hy net wou keelaf sny, onderwyl Aploon gereed sit met 'n skottel om die bloed te vang, toe niemand anders as Jonas die strooihuis binnestap nie!

„My allagenugtig, Agus," vra hy, „wat die ongeluk wil jy nou met hierdie hamel aanvang?"

Verskrik kyk Agus op, terwyl hy die mes laat val. „My tyd, dis Oubaas! En waar kom Oubaas dan nou vandaan?"

„Saam met jou van die kraal af, want ek was vanaand hier om uitleg van jou te vra van die geld wat jy aan my oorhandig het, wat glad nie klop met die markbrief nie; en toe het ek gehoor watter uitmuntende plan jy het om nes die maan ook 'n ,sterretjie' te

vang. Daardie skaap moet jy dadelik weer in die kraal terugbesorg!”

„Oubaas,” helder Agus op, „daardie sterretjiegeskiedenis was somar ’n grap wat ek met Aploon gemaak het, en ek wou nie hierdie skaap geslag het nie; maar ek het vandag van die donkiewa af bespeur dat hierdie hamel so kreupel loop, en nou het ek hom vanaand gaan haal om te kyk of die oorsaak nie moontlik bosluise is nie.”

„A nee, Agus, jou uitleg is glad nie aanneemlik nie, en dit kom ook nie ooreen met wat jy en Aploon gesels het nie; en waar het jy dit belewe dat ’n mens bosluise in die nag soek—en dit nogal met ’n mes en ’n skottel? Bring die skaap maar dadelik weg, dan sal ons môre, as dit lig word, beter in staat wees om bosluise op te spoor.”

Daarop het Agus die hamel weer kraal-toe gebring. En die uitleg wat hy op die tekort gegee het, was dat die geld moontlik verloor het, maar dat hy dit sou indien.

Jonas het Agus se uitleg aangeneem, en daar dit die eerste keer was dat Agus hom in Jonas se kraal vergryp het, het hy dit maar deur die vingers gesien; en die volgende dag was Agus, volgens gewoonte, weer besig om gras te sny in plaas van sy voorgenome boek te skrywe. Hy ontvang nog die môre ’n berig dat sy hulpvaardigheid vereis was om as koster die namiddag by die teraardebestelling

van 'n suster te ageer, wat haar lewe blykbaar ingeskiet het op 'n bierpartykje, deur dat sy te geweldig in die bottel gekyk en daardeur 'n twis uitgelok het met 'n medesuster, wat haar as beloning 'n slag oor die harspan toegedien en later voorgegee het dat sy dit met die doel gedaan het om die gees van die bedwelmende drank te laat ontsnap; maar ongelukkig was dit dan, soos hulle gemeen het, 'n misrekening, en gevolglik moes Agus dan die laaste eer aan die „oorledene" bewys.

Agus het sy bereidwilligheid aan die beriggewer te kenne gegee, op voorwaarde dat Jonas nie beswaar maak nie. Die bode moes dan net so 'n oomblikkie versuim, sodat hy eers Jonas se toestemming kon kry—wat hom ook toegestaan is, sodat hy die namiddag met die verrigtinge 'n aanvang geneem het.

Die opkoms was uiters bevredigend, want op 'n begrafnis is mos nie werk nie, en base kan ook nie so onmenslik wees om verlof van afwesigheid aan hulle volk na 'n begrafnis te weier nie.

Die „lyk" was in 'n kombes toegedraai en deur vier volk op 'n primitiewe draagbaar grafwaarts gedra. Die draers het ook sterk blyke getoon dat die „afsterwe" van 'n suster glad nie inbreuk op hulle bierdors gemaak het nie.

Op die kerkhof het dit egter geblyk dat die beskonke ondernemingsgees met die teraarde-

bestelling van hulle geliefde suster ontydig was, want toe het die meid, tot ontsteltenis van almal, blyke gegee dat sy nog lewe, en ook kort daarna heeltemaal herstel. Maar nietemin het Agus by die geopende graf sy kans waargeneem en aan sy gehoor meegedeel dat hy besig was om 'n boek te skrywe, en dat hierdie plegtige voorval 'n pragtige onderwerp sou uitmaak; en ook dat hy gewillig was om almal wat teenwoordig was, in sy boek op te neem en iets besonders van elke deelnemer te skrywe, op voorwaarde dat elkeen wat gewillig is om op sy skema in te gaan, 'n halfkroon aan hom moes betaal tot dekking van die drukkoste.

Agus het toe 'n gesang opgegee, en onder die sing moes die halfkroon gestort word; en die stortings was so geweldig dat Agus sy hande vol gehad het met die neerskrywe van die name van die deelnemers.

'n Spreekwoord lui dat daar altyd 'n geluk by 'n ongeluk is, maar die omgekeerde is ook waar. Dit moes Agus ook ondervind, want toe die halfkroon soos waboomblare in sy hoed val, het niemand anders nie as Jonas 'n onverwagte verskyning gemaak, wat hom so geweldig laat skrik het dat hy sy balans verloor en met die hoed met halfkroon agteroor in die graf getuimel het, waarin hy op die naat van sy rug te lande gekom het.


„Gooi toe,” skree Jonas uitasem, „want hierdie vabond wou eers gisteraand ’n skaap steel, en nou hou hy weer lykrede. Gooi toe!” En voordat die verskrikte menigte iets kon doen, pak Jonas ’n graaf en gooi ’n skopvol op Agus se bene.

„Asseblief, Oubaas!” smeek Agus. „Ek is nog nie dood nie, en hoe kan Oubaas my dan lewendig begrawe?”

„Nou, wat soek jy dan daar in die graf?” skree Jonas opgewonde. „Kom uit, jou vabond, en gee die volk se geld dadelik terug, of ek laat jou toegooi!”

Ewe verskrik het Agus die halfkrone in die gat bymekaar gemaak, in die hoed gegooi, daarmee uitgeklim en dit weer net so aan die volk teruggegee as wat hy dit ontvang het.

’n Week daarna was Agus maar weer volgens gewoonte op die donkiewa met gras mark-toe, en die plan om ’n boek te skrywe het misluk.



9

ATOËËRDE

„K” — J. G. ENGELA

ZA 839.3633
ENGELA